Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria- Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

GR R OB 5 /2020

Liewe Gr R Ouers,

Ons hoop al ons maatjies is nog gelukkig en geniet ons skooltjie.

Ons juffrouens sukkel net om vir die maatjies te leer om ons speelgoed mooi op te pas. Ons moet daagliks speelgoed regmaak, vervang en selfs weggooi. Help asseblief om tuis met u kind te gesels oor hierdie aspek.

Tema vir die week:

Dae van die week (17 – 21 Februarie 2020)

- Ek ontdek meer oor dag en nag / lig en donker.
- Name van die dae van die week.
- Ek ontdek meer oor oggend, middag en aand.
- Gister, vandag en môre.
- Hoe weet ons hoe laat dit is?

Huistaal:

- Klank: "e"
- Sigwoord: hy/sy
- Tong – en oogoefeninge
- Aanvangsklanke

Wiskunde:

- Tel voorwerpe
- Posisie, oriëntasie en aangesigte
- Simmetrie: middellyn
- 3-D voorwerpe

Versie:

Maandag tot Vrydag moet ek skool toe gaan,
teken en skryf en in rye staan.
Vrydag voel ek sommer bly,
want ek weet die naweek wag vir my.
Saterdag en Sondag kan ek die heeldag speel.
Maar sonder my maatjies raak ek gou verveeld.

Liggaamsopvoeding:

- Ruimtelike oriëntasie
- Ontwykingspeletjie
- Beweging
- Hand-oog koördinasie
- Balans

Uitvoerende kuns:

- Slagwerk met instrumente

Vrydag:

- Snoepie – geldjie
- Foto's kan nog betaal word tot einde Februarie.

Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey street
P O Box 16163
Pretoria- North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail:navrae@daniemalan.co.za

- Onthou Instappie gelde R65.
- Ons gaan nie swem nie, maar soos 'n kat of hond aantrek en piekniek op die rugbyveld hou.

Geniet die week!

Malanne maatjie Groete
Gr R Opvoeders